

## **Tema: Leef en werk vir die hoop wat Christus ons gee**

### **Jeremia 29:1-20**

**Kernteks:** “Want *Ék* weet watter gedagtes *Ek* aangaande julle koester, spreek die *HERE*, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle ‘n hoopvolle toekoms te gee. Dan sal julle *My* aanroep en heengaan en tot *My* bid, en *Ek* sal na julle luister. En julle sal *My* soek en vind as julle na *My* vra met julle hele hart.” (verse 11-13, ‘53-vertaling)

Daar is mense wat sê dis nie nou die tyd om kinders te kry nie. Watter toekoms is daar vir hulle? Alles wat die mens doen loop op chaos en verwoesting uit. Ander dink weer ons moet maar aangaan soos altyd, die mens sal wel met sy kennis en mag ‘n oplossing vir die wêreld se probleme vind.

Maar wat dink en sê óns as Volk van God, Kerk van Jesus Christus?

Ons is tog in die bevoorregte posisie dat ons wéét wat God vir ons en vir die wêreld beplan. En dit behoort elke dag ons doen en late te bepaal.

Die ballinge aan wie Jeremia hierdie brief gerig het was mislei deur hulle eie (onrealistiese) wense en deur die beloftes van vals profete. Hulle het geglo die ballingskap gaan gou verby wees. Maar die Here weet dit gaan sewentig jaar duur. Daarom sê Hy hulle moet aangaan deur te werk en huise te bou en kinders te verwek in Babel waar hulle nou is. Vir hulle wat in die verstrooiing is gee die Here hoop met toekomsbeloftes, maar vir dié wat in Jerusalem agter gebly het wag daar net verwoesting.

Hoekom? Want die *HERE* wéét hoe sy Plan werk. Die lang tyd van ballingskap sal maak dat hulle weer die *HERE* met hulle hele hart vertrou vir die vervulling van sy beloftes. Daar in die vreemde land gaan hulle leer met hulle hele hart daarvoor te bid.

As kerk van Christus moet ons altyd seker maak dat ons ons plek in hierdie wêreld goed verstaan. Die Stad van God is ons toekomsverwagting. Die wêreld is ons plek van verstrooiing (ballingskap). Solank ons in hierdie wêreld is kan ons nie met die bybel onder die arm staan en wag op die wederkoms van Jesus nie. Ons moet gewoon ons daaglikse werk getrou doen, meer word en tot voordeel wees vir die stad, land en wêreld waarin ons woon. Belangrikste van alles: Ons moet die Evangelie uitdra!

Ons moet ons ook nie laat mislei deur beloftes van spoedige verbetering van ons omstandighede nie. Die *HERE* weet wat Hy beplan. Ons weet ook wat Hy belowe en daarvoor moet ons dag vir dag van harte bid en ons kinders ook leer om dit te doen. So herskep die Heilige Gees ons om naby God te leef as kinders van God wat elke dag gemotiveer word deur die hoop op die heerlijkheid wat Hy in ons lewend hou.